**Die Eikestadwinkel,**
(Edms. Bpk,)
is verlede jaar opgerig deur Maties vir die gerief en welvaart van Maties. Kom raadpleeg ons in verband met al u benodighede en u sal

**BESPAAR!**

- Ons hersnaar en herstel Rakette.
- Ons het een van die beste droogskoonmaak - agentskappe in die land.

DIE

# Matie

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.
ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
FIETSE EN FIETSPARTE NOU IN VOORRAAD.
Alles teen die billikste terme.
Onthou—
Net langs Suikerbossie.

DEEL II, No. 6 | VRYDAG, 3 APRIL 1942. | PRYS 1d.

## Komaan-Studente-Blaasorkes sluit aan by Studentefront

### Flinke Bydrae van E. C. Pienaar Jr.

**Die A.N.S.-O.B.-Studentefront gaan in die toekoms die gebruik hê van 'n blaasorkes, wat sy ontstaan te danke het aan die durf en ywer van mnr. E. C. Pienaar, jr. Mnr. Pienaar sal voortaan dien as Musiekdirekteur op die bestuur van die plaaslike A.N.S.-tak en die Komaan-Studente-Blaasorkes, waarvan hy dirigent is, skakel in by die A.N.S. Mnr. A. S. Roux is aangestel as leier van die K.S.B.**

Verlede jaar het mnr. Pienaar heeltemal op sy eie 'n aantal blaasinstrumente aangeskaf en met behulp van 'n instrukteur, wat gereeld van Kaapstad oorgekom het, 'n aantal vrywilligers opgelei om in die orkes te speel. Aan die einde van die jaar was die orkes instaat om 'n geslaagde uitvoering te gee.

GROOT GEESDRIF

Op die eerste ledevergadering van die A.N.S.-O.B.-Studentefront vanjaar, het ses-en-twintig eerstejaar-vrywilligers, waaronder twee dames, hulleself aangemeld met die oog op aansluiting by die K.S.B. Nadat mnr. Roux de aspirantlede dit sterk op die hart gedruk het dat hulle met disipline te doen sal kry, minstens driekeer per week sal moet oefen en enige tyd gereed moet wees om op parade te verskyn, het hy hulle die geleentheid gegee om terug te trek indien hulle hulself nie instaat hiertoe voel nie. Niemand het getwyfel nie; inteendeel almal was entoesiasties.

As 'n proefneming wat as wenslik geag is deur die hoof van die departement van musiek, het die Senaat verlede jaar mnr. R. T. Clay (eerste fluitspeler van die Munisipale Orkes, Kaapstad) aangestel as windinstrukteur vir die eerste kwartaal vanjaar. Dit het uitgeloop op 'n mislukking omdat daar nie genoeg leerlinge was nie. Die A.N.S.-O.B.-Studentefront het egter op hulle eerste ledevergadering genoeg aansoeke gekry om 'n instrukteur voltyds besig te hou. Dat daar dus soveel A.N.S.-O.B.-lede is wat gewillig is om hulle tyd op te offer vir so 'n belangrike saak is uiters verblydend.

Hierdie Blaasorkes sal in die nabye toekoms gereeld op A.N.S. en O.B. vergaderings optree.

*APTEKERS*

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan. Deskundige Fotografiese Handelaars.

Maak gebruik van ons Vlugge Fotografiese Posdiens.

JOERNING EN SEUN
(Eiens ) Bpk.
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

## Vaste Komitees

Die verskillende komitee van die S.V.R. is op die laaste vergadering as volg saamgestel:

**Uitvoerende Komitee:** Tappies Möller, voors.; Jan van der Horst, onder voors.; Eddie Botha, sekr.; H. C. Hopkins, tes.; Colyn Murray, addisionele lid.

**Redaksie van die „Student":** Red. Reinald Hofmeyr; Ass. Red., Tol de Villiers; Sekr., A. Haupt; Sub-redaksie, Helene Oosthuysen, Kotie Malan en Abraham Roux.

**Kleurekomitee:** D. S. Snyman, (konv.), W. A. Joubert, Louise Pauw, Ina Michau en C. Slabbert.

**Sportkomitee:** C. Lombard (konv.), C. Slabbert, Hettie Lubbe, Ina Michau, Jeannette Hofmeyr, Lieb Loots en Jan Mouton.

**Sang- en Verenigingskomitee:** Giel Hough (konv.), Tol de Villiers, P. B. Zeeman, W. Badenhorst en Jeannette Hofmeyr.

**Sentrale Kleurekomitee:** Danie Rabie, Tiekie Muller en C. Slabbert.

**Leningskomitee:** Tappies Möller, H. C. Hopkins en Eddie Botha.

**Argivaris:** H. C. Hopkins.

**Buro van Verlore Dinge:** Ben Leuvennink en Jeannette Hofmeyer.

## Is dit Versoening?

Hieronder volg die voorstel wat by die jongste jaarvergadering van die aandeelhouers van die Nasionale Pers, Bpk., ingedien is deur dr. D. F. du T. van Zyl in 'n eerlike poging om 'n beter verstandhouding tussen republikeinsgesinde Afrikaners te skep. Ongelukkig is dit onder aanvoering van die „Volksleier" deur 'n groot meerderheid van die aanwesiges botweg van die hand gewys.

„Met die oog op die diepbegeerde herstel van Afrikanereenheid onder die volk en die nadelige gevolge van onderlinge twis en haat in ons volksgeledere in hierdie donker uur van ons volksbestaan, versoek hierdie vergadering van aandeelhouers van die Nasionale Pers die Direksie om deur middel van sy koerante sover dit in hul vermoë mag wees, die skepping van 'n gees van verdraagsaamheid en toenadering aan te moedig deur,

(a) by verskille oor volksbeleidsake of politieke aangeleenthede tussen die nasionaalvoelende groepe binne die republikeinsgesinde Afrikanerdom, persoonlike aantygings teen en verdagmaking van persone te vermy;

(b) hulle hoofsaaklik te bepaal by positiewe leiding gemik op die algemene volkuiting en

(c) hul nuus-, menings- en advertensiekolomme onbevooroordeeld oop te stel vir ander republikeinsgesinde volksorganisasies in sover sulke stukke in ooreenstemming is met die neergelegde beleid in (a) en (b) omskryf en sodoende die Pers as volkspers diensbaar tot 'n vrye ontwikkeling en ontplooiing van die volksgees, nasionale aspirasies en wil te stel, wat sal meewerk tot samesnoering in 'n gemeenskaplike volksfront teen die imperialistiese vyand en afweer van die rampe wat ons land en volk bedreig."

## PIRATES OF PENZANCE

### Hans Endler Gaan Voort Met Sy Opvoerings

**Herr Endler is van plan om vanjaar weer 'n operette op te voer, nl. „Pirates of Penzance." Hy is besonder gretig om vir hierdie doel soveel sangers as moontlik beskikbaar te hê, en het veral 'n aantal basse en tenore nodig. Alle persone wat belangstel kan hulle name by die Konservatorium inhandig. „Die Matie" wil nou reeds die hoop uitspreek dat die onderneming andermaal uiters suksesvol sal wees, en doen 'n beroep op almal wat dit moontlik vind om Herr Endler te steun in sy poging.**

**SKOP AF**

Skop af vanjaar met 'n paar van ons Alombekende Voetbal Stewels.
Varsity Flier, 22/6; Varsity Kangaroo, 27/6; Varsity Springbok Flier, 29/6; Bennie Osler Junior, 25/-; Bennie Osler International, 27/6; Bennie Osler Grand Challenge, 25/-.
Al die Stewels het Staal Plate in.
Rugby Jerseys, Enkelrug 10/6, New Zealand Dubbelrug 15/-, almal gewaarborg — Vaste Kleure.
Rugby Kouse, 4/3 en 6/-.
Wit Broekies (Kort Bene) 5/2 en 6/6.
Ons nuwe voorraad Hokkiestokke en Hokkiestewels nou op hande.
Begin die Seisoen met 'n uitrusting wat u tevredenheid sal verskaf.
GEBROEDERS DE WET (EINS.) PBK.
Bus 21. STELLENBOSCH. Foon 20.

## Nuwe Orde in Spanje

### Uit 'n onderhoud van 'n Engelse joernalis met Gen. Franco.

*Hy was baie beleefd maar ernstig; en geen wonder nie, want 'n groot slag was toe juis aan die gang. Hy het toe al oor die helfte van Spanje regeer en die bevel oor drie leërs gevoer. Ek kon sien waarom hulle hom in sy jeug „El Serio" genoem het; maar sy oog het nog nie sy vuur verloor nie, nog sy gang sy veerkrag.*

*„U sal vir uself gesien het," gaan Franco voort, „wat 'n spoor van verwoesting en ellende ons vyande agter hulle gelaat het; maar ek hoop dat u ook iets van ons werk van herstel opgemerk het. U vra my omtrent die toekoms? U sal natuurlik verstaan dat dit nou nie die tyd is om van Utopias te praat nie. Een ding kan ek u egter baie beslis sê: ons sal nooit na die parlementêre stelsel terugkeer nie. Vir ander lande mag dit goed wees, maar vir ons land was dit 'n onvermengde vloek, want dit het altyd die deur oopgelaat vir klassestryd en buitelandse intrige.*

*„Ons stelsel sal op Portugese of Italiaanse lees geskoei wees, hoewel ons ons historiese instellings sal bewaar soved dit tot ons nasionale eenheid kan bydra.*

*„Ons régime sal nie besonder militêr van aard wees nie. Diegene onder ons wat in aanraking met die werkende klasse geleef het en saam met die soldate op die harde grond geslaap het, ken die behoeftes van die volk beter dan die oudmodiese beroepspolitici.*

*„Ons sal geen parasiete toelaat nie; elke Spanjaard sal na sy vermoë moet werk. Die arbeider is sy loon werd en sal 'n absolute waarborg ontvang dat hy nie 'n slaaf van die kapitalisme sal wees nie, mits hy nie die metodes van die klassestryd voorstaan nie, wat alle samewerking onmoontlik maak. Ons veg vir 'n staat wat soos een groot familie sal wees, sonder oorheersers of proletariërs, en waarin al die elemente wat die nasionale rykdom kan opbou verteenwoordig sal wees."*

Uit Yeats-Brown *European Jungle.*

### Gimnastiekklub

Die ledetal het reeds gestyg tot 100, die groei is so vinnig dat die ledelys een van die dae gesluit sal moet word.

**Suikerbossie Melksalon**

HOOFKWARTIER
van
GESONDHEID.

Ligte Etes, Melkdranke (warm en koud), Koffie, Tee en Lekkers.
Onder persoonlike toesig van
OOM HUGO.

DAMES

Wat ons nie het nie, kry ons.

Wat ons nie kan kry nie, maak ons.

*PROBEER*

Tant Mita
se
Modewinkel

R. MÜLLER
EERSTE vir KLAVIERE, VLEUELS, ORRELS.
Alle ander soorte
MUSIEKINSTRUMENTE, MUSIEKALE BENODIGHEDE, DRAADLOOSTOESTELLE EN GEDRUKTE MUSIEK. WAPENS, AMMUNISIE, ens.



R. MÜLLER
(Eiens.) Bpk.
KAAPSTAD en STELLENBOSCH.

Tel. 2-1944. Posbus 2657.
R. W. van Rijn,
BRILMAKER.
Kamers 501-520 Vyfde Verdieping
Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD.

Laat u brilvoorskrif deur my voltooi word. Maak u keuse uit 'n groot verskeidenheid van moderne rame.
Spesiale afslag vir Studente.

*IN DIE OU WINKEL VAN DIE C.S.V.*

UITVERKOPING
van
OPVOEDKUNDIGE
BOEKE
Teen
HALFPRYS EN MINDER AS HALFPRYS

*PAS ONTVANG.*
Day: Economic Development of Modern Europe.

C.S.V.-
BOEKHANDEL,
Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

Groot Voorraad
„PENQUIN" en „PELICAN"
Series Voorhande.

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

## DIE MATIE

Hoofredakteur: A.N.S.-Taksleier.
Redakteur: P. A. Theron.
Ass.-Redakteur: B. J. v. d. S. de Villiers en P. O. le Roux.
Besigheidsbestuurder: S. P. Botha.
Spesiale Medewerkers: D. G. Franzsen, W. R. Laubscher.

Deel II. 3 April 1942. No. 6.

## DIE AFRIKAANSE SPORT-UNIE EN STELLENBOSCH

Stellenbosch beskik vandag oor 'n naam in die sportwêreld waarop elke Matie en oud-Matie met reg trots kan wees. Enigeen wat b.v. enkele jare gelede die feesuitgawe wat met die 10e agtereenvolgende Intervarsity-oorwinning van Stellenbosch verskyn het, nl. „Matie se Peper" deurgeblaai het, kon nie anders as onder die indruk te kom van die geweldige sportprestasies wat reeds vanaf die dae van die ou Viktoria-kollege deur die Maties behaal is nie.

Daar bestaan egter die gevaar dat sommige mense hulle blind staar op die reputasie wat Stellenbosch in die sogenaamde **„nie-politieke sportwêreld"** sou behaal het, en dit is hulle wat dan tydig en ontydig daarop aandring dat Stellenbosch nie sy sport in die politiek moet sleep nie, ens. Laat ons dus somar dadelik aan hierdie persone sê dat 'n baie groot deel van Stellenbosch se bekendheid op die sportvelde gladnie sodanig in verband staan met die een of ander bepaalde sportsoort nie. 'n Groot deel van ons ondersteuners op die platteland wat b.v. honderde myle afry om Intervarsity by te woon, sien in Stellenbosch se sportprestasies ook tot 'n groot mate die seëviering van **'n oorwegend Afrikaanse Studentespan.** Dit was dan ook hierdie belangrike deel van die Stellenbosse ondersteuners wat sterk protes aangeteken het teen die een onafrikaanse en uitheemse gebruik na die ander wat op sulke Intervarsity-geleenthede waargeneem is; b.v. die buitensporige gebruik van drank deur sommige van ons studente voor die verhoog in die volle aansig van die publiek, en die feit dat ons vir 'n hele paar jaar 'n dirigent gehad het wat sy kwinkslae **in Engels** moes voer **„omdat hy nie vlot genoeg in Afrikaans is nie,"** (vgl. maar die onafgebroke korrespondensie in die „Stellenboschse Student" oor dié onderwerp in die afgelope jare).

Stellenbosch mag onder geen omstandighede uit die oog verloor dat hy op die sportveld nog **in die eerste en vernaamste opsig** as Afrikaanse inrigting verteenwoordig is nie. Die deelname van ons studentespan aan 'n wedstryd teen die militêre span verlede jaar is 'n miskenning van die **uitgesporke beleid van hierdie universiteit** wat in nie minder as drie monstervergaderings besluit het om heeltemal neutraal te bly, en sy hande te was t.o.v. ons regering se belaglike oorlog-speletjies. En wat sê Stellenbosch se „sport-minded" en politiek-onskuldige sportbeoefenaars wat bogenoemde vergryp goedpraat van die optrede van 'n vroeëre kaptein van Stellenboschse 1e voetbalspan wat in elke koerant en fliekprogram ons Afrikaners uitnooi om saam te speel „in die grootste springbokspan van alle tye?" Hulle gaan seker daarop gehoor gee, of hoe?

Nee, die persoon wat vandag nog op die naiewe standpunt staan dat Stellenbosch behoort aan 'n legendariese „sportunie" wat Afrikaner en Engelsman, oorlogsgesindes en landverraaiers e.d.m. saam ophef in 'n harmoniese, eensoortige geesdrif vir die hoogverhewe, ongenaakbare ideale wat in „sport" beliggaam is, is niks minder as 'n politieke analfabeet nie. Ons wil hiermee gladnie beweer dat ons alle bande met Engelse klubs en sportunies moet afbreek waar daar nie provokasie bestaan nie. Maar ons moet intussentyd nie sit en slaap, en Afrikaanse inrigtings van ons vervreem deurdat ons tevrede is om eenkant op ons pedestaal te bly sit nie.

Die Nuwe Afrikaanse Sportunie kan 'n definitiewe leemte vul in die Stellenbosse sportwêreld op hierdie oomblik. Stellenbosch behoort as grootste Afrikaner-universiteit die leiding en inisiatief op hom te neem in die bestendiging van die werksaamhede en doelstellinge van hierdie suiwer Afrikaanse skepping. Of gaan ons ons nou weer stel op die onafrikaanse, uitgediende standpunt dat ons ons nie ten volle aan hierdie nuwe Unie kan gee nie „omdat daar politiek agter skuil"?

Toe op 'n onlangse Dalrymple byeenkoms 'n heildronk op die koning ingestel is gedurende die dinee, **toe was dit nie politiek wat in die Sportunie gesleep is nie.** Toe het die meeste Stellenbosse afgevaardiges opgestaan om die heildronk te drink, terwyl die sportmanne van P.U.K., U. Pretorie en U.K.O.V.S. bly sit het—(wat ons kan verwag van drie Afrikaanse inrigtings wat nog nie hulle eerstegeboortereg verkoop het nie). Toe die W.P. Rugbyunie die toetrede van Bellville tot die Senior liga weier, maar 'n klomp minderwaardige soldate hierdie voorreg verleen, **toe was dit nie politiek wat in die unie gesleep is nie.** Maar moenie waag om met iets in die sportwêreld te kom wat 'n effense Afrikaanse kleur het nie. Dan is die Stellenbossers wat opgespring het toe die heildronk op ons „nie-politieke" koning ingestel die eerste om te skree „politiek! politiek!"

### Konsiliasie

Verlede Saterdagaand is 'n baie interessante debat gevoer oor die vraagstuk of die Afrikaner versoenend moet staan teenoor die ander bevolkingsgroepe in ons land. Dit het baie duidelik uit die besprekings geblyk dat daar nog baie mense is wat nie die implikasies van 'n konsiliasiebeleid teenoor die Engelse seksie insien nie.

Die Afrikaners in Suid-Afrika is 'n volk, met 'n eie taal, tradisie en lewensuitkyk en gevolglik ook met 'n eie idee omtrent landsbestuur, soos blyk uit die tipies-Afrikaanse regeringsvorm van die twee Republieke. Hierdie is almal deel van die kultuur, van die volkseie van die Afrikaner. Word dit van hom weggeneem, is daar nie meer sprake van 'n Afrikanervolk nie, maar is ons slegs 'n groep mense wat toevallig saam woon in een land.

Aan die anderkant het ons in Suid-Afrika 'n Engelse seksie, wat behoort tot 'n volk met sy eie tradisies en lewensbeskouing. So is die liberaal-demokratiese partypolitieke vorm van landsregering eie aan die Engelse volk. Verstaanbaar is dit dat die seksie van hulle wat in Suid-Afrika woon en wat nog nie die kultuur wat op die Afrikaanse bodem ontstaan het hulle eie gemaak het nie, sal vaskleef aan die tradisies van hulle eie volk. Maar dit is nie ons kultuur en lewensbeskouing nie; dit is nie ons idees omtrent landsregering soos toegepas in die Republieke nie.

Na die Engelse-oorlog is 'n beleid van toenadering en versoening ten opsigte van die Engelse gevolg, met die gevolg dat die Engelse regeringsstelsel dwarsdeur ons land toegepas is. Die gevaar hieraan verbonde was dat ons volk vervreemd sou raak van hulle volkseie en deurdrenk sou word met idees wat vreemd is aan die Afrikaanse bodem. Dit het werklik plaasgevind by 'n deel van ons volk, en vandag is ons verdeel en veg ons onder mekaar. Ons het een seksie van ons volk wat vashou aan die dinge wat eie is aan ons volk en dus wil wegdoen met die Britse Partypolitieke stelsel van regering, terwyl daar 'n ander seksie is wat so deurdrenk is met die vreemde idees, dat hulle alles in hulle vermoë sal doen om daardie stelsel gehandhaaf te sien. Hierdie lede van ons volk besef nie meer dat net die dinge wat werklik deel is van die lewende, groeiende volk 'n kans het om voort te bestaan en te ontwikkel nie.

Die verdeeldheid wat daar onder ons heers kan tot 'n groot mate toegeskryf word aan die idee van versoening met die Engelse.

# Die Oorlog

## VI — Die Stilte voor die Storm?

*„De Waereldgeschiedenis is 't*
*Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

Gedurende die afgelope week het daar nogeens aan geen van die oorlogsfronte enige beslissende krygsgebeurtenisse plaasgevind nie. In die Verre Ooste blyk dit nie of die Japanners in Nu-Guinee enige noemenswaardige vordering gemaak het nie. Aan die ander kant het die Bondgenote nog nie daarin geslaag om die Japanse gevaar vir Australië te elimineer nie. Vir Indië het die gevaar gedurende die afgelope week selfs groter geword want die Japanners het ni Birma nie slegs verder noordwaarts voortgedring nie maar het ook die Britse Adamane-eilande in die Indiese Oseaan beset. Die betreklike stilte wat daar op die oomblik in die Verre Ooste heers, kan moontlik toegeskryf word aan die behoefte by die Japanners om hull mag eers te konsolideer in die onsaglike gebied wat hul sedert Desember 1941 op Amerikane, Britte en Nederlanders verower het.

Ook wat die Russies oorlogsfront betref, het daar gedurende die afgelope week niks nuuts voorgeval nie. Die lente het reeds 'n aanvang geneem en dit lyk nie dat die Russiese winter-offensief, waaroor daar soveel ink verspil is, die gewensde resultate gelewer het nie. Dit lyk onwaarskynlik dat die Russiese winter vir Hitler se leërs dieselfde noodlottige gevolge sal hê as dit vir Napoleon gehad het. Vandag word selfs in die Britse beriggewing meer en meer van 'n Duitse lenteoffensief en al minder van 'n Duitse ineenstorting gepraat. Sal ons ook in die Russies veldtog 'n herhaling vind van die grootpraterige wensdinkery waarmee ons in hierdie oorlog reeds so dikwels kennis gemaak het? Gedurende die eersvolgende maande sal hierdie vraag waarskynlik beantwoord word.

*Deur Prof. J. A. Wiid*

### INDIË

Terwyl daar in die Britse beriggewing al meer en meer oor die komende offensief, nie 'n eie offensief nie, maar een van die vyand, gepraat word, geniet Indië op die oomblik buitegewone belangstelling. Die Britse minister, Cripps, is persoonlik na Indië gestuur om aan hierdie winsgewes 'n soort van Westminster-statuut aan te bid. Dit is nog nie bekend hoe die Indiërs hierop sal reageer nie. Dit is egter duidelik dat hierdie Britse aanbod in verband met die Japanse voormars staan. Dit is 'n noodmaatreël wat waarskynlik meer vrugte sou afgewerp het as dit nie 'n noodmaatreël was nie maar jare vroeër aan Indië vrywillig aangebied was.

### DIE EINDOORWINNING

Hoewel Brittanje en sy bondgenote
(Vervolg op bls. 3 kol. 1)

Rook Springbok-Sigarette

## „Ex Libris"

*Ds. T. N, Hanekom.*

### 'n Volksregister en 'n Volksfees

Neh. 7—8. In hierdie twee hoofstukke word vir ons beskrywe die verdere werksaamhede van Nehemia as volksvormer en dit is baie treffend om te sien dat hy begin met 'n volksregister, 'n stamlys dus! Hy wou natuurlik sien hoe sterk hy is of hoe swak. Maar die vernaamste doel van hierdie stamlys was tog daarin geleë om sy volk suiwer te hou van die begin af. Alleen die wat suiwer bloed in hulle are het, was op daardie lys geplaas. Dit was 'n ere-rol vir die wat die eer wêrd was om as grondleggers vir die toe- [illegible] aanmerking te kom. Almal [illegible] basterbloed, „wat nie hul familie en hul afkoms kon aanwys, of hulle uit Israel afkomstig kas nie" (v. 61) is afgesonder as 'n aparte groep. Die sonde van hulle vaders het vir hulle suur te staan gekom! In die eerste plek het hulle geen burgerreg in daardie land gehad nie. Hulle is geskraap op die stemlys. Maar ook is hulle uitgesluit by die aanstelling van ambtenare vir die staat en die kerk. Wat 'n groot tragedie vir hierdie mense, lê nie opgeslote in die korte aantekening van Nehemia nie: „Hulle het onder die wat in die register opgeneem is, hulle stamboom gesoek maar dit was nie te vinde nie; **daarom is hulle onbevoeg verklaar vir die priesterskap"** (v. 64). Hulle was nie toegelaat om die volk te dien nie en ook nie om die volk te lei nie. En dit is goed! In die verlede het hulle gewys dat hulle nie die volkspad ken nie, hoe kon hulle dan die volksleiers word? Veral as die toekoms so donker lyk, wil Nehemia seker wees dat hy kan staatmaak op sy leiers. Hulle moet die weg na die volk se eindbestemming ken en bewandel, en, wat net so noodsaaklik is, hulle moet werklik aan die volk behoort. Anders sweer hulle netnou trou aan twee lande tegelyk. Dan waai daar netnou twee vlae aan een stok oor Palestina en probeer hulle om twee volksliedere te sing in een asem, en twee landstale ewe goed te praat. Hieruit word tog maar net 'n soort tweeslagtigheid aangekweek en die weg oopgemaak vir verder verbastering, verbrokkeling en verval. Maar daarin word ook die wet van God geskend. Want die Here het vir elke nasie sy eie weg bepaal, sy eie roeping daargestel, en alleen langs sy eie weg kan hy ook aan die mensheid sy hoogste diens bewys.

Wanneer ons hierdie gedagtes lees, besef ons dat hulle op geen ander volk beter van toepassing is, as op die Afrikanervolk. Hierdie gedagtes is die wegwysers vir ons, ook in hierdie tyd. Ons het dieselfde moeilikhede en dieselfde gevare. Daarom vra die hele volk vandag na dieselfde soort leier, na 'n Nehemia, wat met 'n profeet se oog, die probleme van ons tyd sal raaksien, en die weg sal aanwys om hulle op te los! Een ding staan vas, hy sal moet optree as bewaker van die bloed-eer van ons boerenasie. Hy moet ons volkspoorte sluit vir die volksvreemde indringer. Ons het baie groot behoefte aan 'n volksregister, 'n stamlys, 'n ere-rol vir volksdiens en volksleierskap!

(Word vervolg).

(Vervolg van bls. 2 kol. 4)

In hierdie oorlog die een nederlaag na die ander gely het, word daar nog steeds dapper oor die eindoorwinning gepraat. In die vorige artikel is daarop gewys hoe hierdie eindoorwinning gebaseer word op die dwaalbegrip dat die geskiedenis hom herhaal en dat hierdie oorlog gevolglik sal eindig soos dié van 1914—1918. As daar vergelykings tussen die twee oorloë gemaak moet word dan moet hul volledig en nie willekeurig wees nie en dan sal die verskille waarskynlik veel groter wees as die punte van ooreenkoms. Hoe dit ook al sy, dit is futiel om te argumenteer dat hierdie of daardie land 'n oorlog sal wen omdat hy in die verlede meesal oorwinnaar was. Iemand met 'n mentaliteit wat so redeneer loop groot gevaar om op 'n ramp af te stuur.

#### MATERIËLE FAKTORE

Daar is in hierdie oorlog herhaaldelik beweer dat die Anglo-saksiese moondhede en hulle bondgenote die eindoorwinning sal behaad omdat hul ekonomies baie beter af is as die vyand. Hul is ryk en beskik oor die nodige hulpbronne terwyl die vyand arm is en nie genoegsame grondstowwe, wat vir die oorlogvoering onontbeerlik is, tot sy beskikking het nie. Die ekonomiese ineenstorting en gevolglik ook die militêre ineenstorting van die vyand sal dus vroeër of later moet plaasvind.

Hierdie argument het bepaald veel meer om die lyf as die sogenaamde historiese argument. Dit is tog goed genoeg bekend dat Amerika, die Britse Ryk en ook Rusland oor haas onuitputbare natuurlike hulpbronne beskik . Ook besit hierdie moondhede al die nywerheidsfasiliteite om hulle oorvloedige grondstowwe in krygstuig om te werk. Geen wonder dat hierdie moondhede beskryf word as diegene wat het (die „haves") en hulle vyande as diegene wat nie het nie (die „have-nots").

Hoewel die haas onuitputbare hulpbronne van die Anglo-Amerikaanse bondgenote nie onderskat mag word nie, en die materialistiese pragmatisme van die Anglo-Sakser sal so iets moeilik onderskat, sal dit goed wees om te onthou dat hierdie materiële voordeel vandag nie meer so eensydig is nie en dat daar ander elemente bestaan wat hierdie voordeel kan neutraliseer. Die volgende keer mer hieroor.

## U. S. Swemgala

Mans 220 Vryslag Kampioensk.: 1. R. K. de Villiers wen met 1 lengte. 2. T. P. Human. 3. M. Louw. Tyd 2 min. 52.9 sek.

Dames 1 Lengte Borsslag Kamp.: 1. B. Basson. 2. J. Hofmeyr. 3. R. Biggs. Tyd 28.4 sek.

Mans 1 Lengte 1ste jaar: 1. T. Pellesier. 2. Vlokkeman. 3. Potgieter. Tyd 19.7 sek.

Dames 1 Lengte Kamp.: 1. B. Strydom. 2. E. Thompson. 3. R. Biggs. Tyd 22 sek.

Mans 100 treë voorgee, 1ste uitdun: 1. Holloway. 2. Potgieter. 3. Mitchel. Tyd 1 min. 15.3 sek.

2de Uitdun: 1. A. M. Willemse. 2. J. Battaerd. 3. Toerien. Tyd 1 min. 15 sek.

Finaal: 1. H. Potgieter. 2. J. Battaerd. 3. V. Halloway. Tyd 1 min. 9.7 sek.

Dames 100 tree Kamp.: 1. B. Strydom. 2. E. Thompson. 3. Ray Walker. Tyd 1 min. 13.5 sek.

Mans 1 Lengte Kamp.: 1. A. Allen. 2. N. S. de Villiers. 3. J. Keet. 18.5 sek.

Dames aflos Interhuis 4 lengtes: 1. Sonop. 2. Harmonie. 3. Huistenbosch. Tyd 1 min. 41 sek.

Hinderniswedloop (dames en here) (Handdek): 1. Ray Walker en N. de Villiers. 2. B. Strydom en J. Keet. 3. Vosloo en Dirk de Villiers.

100 tree Kamp. Mans—Baie gelyk: 1. R. de Xilliers. 2. Holloway. 3. Potgieter. Tyd 1 min. 5.5 sek.

Dames 50 tree: 1 B. Strydom. 2. R. Biggs. 3. E. T. Thompson. Tyd 32.4 sek.

Mans 3-Styl Aflos: 1. P.S.O. A. 2. Dagbreek A. 3. P.S.O. B. Tyd 1 min. 8.2 sek.

Dames 1ste jaars 1 lengte: 1. C. Wiese. 2. R. Biggs. Tyd 24.4 sek.

Mans 3-Styl 3 lengtes: 1. N. Roux. 2. Battaerd. 3. Holloway. Tyd 1 min. 33.6 sek.

Interkoshuis 4 lengtes aflos: 1.

(Vervolg in volgende kol.)

## Onder Onsies

'n Groot aantal oud-Maties is vir die skoolvakansie terug hier op Stellenbosch. Hier is opgemerk o.a. mejj. Ina de Wet, Nan Immelmann, Rina Hofmeyr, Kotie Stander, Truida Bekker, Louie Toerien, en mnre. Chris du Toit, Charlie v. d. Merwe, Z. F. du Toit, P. v. d. Walt en Danie Morkel.

* * *

Mnr. Wicus Badenhorst en mej. Hettie Lubbe het verlede Saterdagaand op gesellige wyse saam hul mondigwording in die „Rotunda" gevier.

* * *

Mnr. en mev. A. P. Blignault het besoek gebring aan Stellenbosch en daarna is hul na Kuilsrivier waar mnr. Blignault die prinsipaalskap in die Jan Kriel-tehuis sal oorneem.

* * *

Mnr. A. v. d. Horst, lektor aan die Universiteit, lê ernstig siek in die Groot Schuur Hospitaal.

* * *

Mnr. Louis Duvenhage is vir verdere studies terug op Stellenbosch.

* * *

Mnr. Pieter du Toit en mej. Zenobia Jooste het hul vriende verras deur in die afgelope naweek hul verlowing bekend te maak.

* * *

Die huwelik van twee bekende oud-Maties, „Onkel" Beukes en mej. Mimie Louw, is op Maandag 30 Maart voltrek. Matieland se beste wense vir die toekoms!

* * *

Ook mej. Naties Steyn het verlede Saterdagaand haar mondigwording in die „Rotunda" gevier.

* * *

Die B.T.K. gaan oor die naweek uitkamp by Elandskloof, naby Wolseley.

Privaat A. 2 Dagbreek A. 3. Privaat B.

Damesduik: 1. Ray Walker 40 punte. 2. E. Thompson 36 punte.

Mansduik: 1. R. de Villiers 38 punte. 2. Vlokkeman 37 punte. 3. Heiman 34 punte.

Polo — Dames vs. Mans: Dames wen 1—0. Dagbreek vs. Res. Dagbreek wen 2—0. Skeidsregter—mnr. Keller.

*Daar's 'n Rede*

Die knapste Student kry die beste pos.

Die beste Drukwerk trek die meeste aandag.

Ons is bekend vir kwaliteit drukwerk teen konkurrerende pryse.

**Pro Ecclesia-Drukkery,**
**Die Laan, Stellenbosch.**

*Studente!*

Wees ekonomies en gaan versigtig te werk.

Laat

**J. B. COETZEE**

u volgende pak klere of kleurbaadjie maak.

AGENT VIR NANNUCCI DROOG SKOONMAKERS.

*Andringastraat.*

**„Die Uitspan"**

Heet alle studente hartlik welkom op Stellenbosch!

Kom geniet seker 'n koppie van ons

**Spesiale „Uitspan-Gesondheidsdrank,"**

tee, koffie of melkdrank, en maak beter kennis met

**„Die Uitspan"**

Maties!....die gewilde afsaalplek....
die Kaapstadse Koffiehuis
*Wandelgang,*
Groote Kerkgebou,
**KAAPSTAD**
(Foon 3-0520)
'n Ou Tradisie herlewe!

*Na 'n besige dag in die stad — rus en smaaklike etes in die KOFFIEHUIS.*

Dames dis u plig om u hare by die
**DAMES HAREVERSORGING-SALON**
te laat versorg.

*U voorkoms is hoofsaak.*

U onderskeiding by ons verseker die vordering van die Afrikaanse ondernemingsgees en versorg werk vir die Afrikaner dogter.

*Ons pryse is na u smaak.*

**Dagbreek-Dames-Hareversorgingsalon**
Langmarkstraat 141,
KAAPSTAD.
(Grondvloer).
*Skakel 2-5662.*

Kotzé

DIE Kleremaker EN Uitruster VAN KAAPSTAD

DIE AFRIKAANSE KLEERMAKER — KLEED SUID-AFRIKA

*Is een van die eerste Afrikaner Besighede in ons Moederstad geopen*
*Hy gee Bevrediging en gee 'n Spesiale Afslag aan Studente*

**Adderleystraat 134 — KAAPSTAD**

# Rook Springbok-Sigarette

# Groot Gehoor by Eerste Debat

## Lewendige Bespreking oor Versoening

**Die werksaamhede van die Debatsvereniging het verlede Saterdagaand 'n aanvang geneem met 'n debat tussen studente en dosente in die C.S.V.-saal, waar 'n besonder groot gehoor vergader het.**

**Die onderwerp, nl.: „Die houding van die Afrikaner teenoor die ander groepe in die land moet die idee van versoening inhou," is ingelei deur dr. Moolman en mnr. Jan van der Horst, en teengestaan deur mnre. D. G. Franzsen en Willem Laubscher.**

Dr. Moolman het begin deur te verduidelik dat die begrip versoening nie beteken die prysgee van wat eie is nie, maar wel die strewe na die insluiting van die Engelsman e.a. wanneer daar gepraat word van die Afrikanernasie. Mnr. van der Horst het hierop uitgebrei, en verduidelik dat vooroordeel grotendeels verantwoordelik is vir die gebrek aan vertroue tussen die twee seksies in ons land, en dat 'n gees van welwillendheid nodig is om groter geluk en vooruitgang te bring.

VYAND NO. 1

Mnr. Franzsen het dadelik daarop gewys dat ons hier te doen het met realiteite wat nie oor die hoof gesien kan word nie, en dat die probleme nie ge-isoleerd gesien kan word nie, maar wel in die lig van die geskiedenis. Hy het 'n historiese ontleding van die posisie gegee, en daarop gewys dat Liberalisme nog altyd vyand No. 1 van die Afrikaner-volk was. Dit betaal ons herhalwe nie om met versoening as uitgangspunt vir ons nasionale strewe ons eersgeboortereg prys te gee nie. „In die republieke van pres. Kruger en pres. Steyn, waar die Afrikanerstandpunt die mees konsekwent gehandhaaf is, het die Afrikaner tot sy hoogste selfverwesenliking gekom."

ENGELSE STAGNANT

Mnr. Laubscher het daarop gewys dat versoening langs geen ander weg kan geskied dan prysgawe van wat jou eie is nie. „Ek glo in die eersgeboortereg van die Afrikaner en nie in die idee van versoening nie," het hy gesê. Hy het verder verduidelik dat die Brit in Suid-Afrika stagnant geword het in sy vasklemming aan die Liberaal-demokratiese tradisie terwyl die res van die wêreld besig is om te ontwaak tot die noodsaaklikheid van 'n nuwe ordening. Die Afrikaner inteendeel is aktief, dinamies. „Die Brit is alreeds 'n anakronisme. Waarom sal ons die jong loot van die Afrikanervolk gaan inent op die voos stam van die Britse Imperialisme?" Die voortbestaan van die blanke beskawing in Suid-Afrika lê in die hande van die Afrikanervolk. „**Versoening kan slegs uitloop op nasionale frustrasie.** Ek staan by die ewige voortbestaan van die Afrikanernasie, en by geen idee van kompromis of versoening nie," was sy slotwoorde.

Musiek-nommers is gelewer deur mejj. Dora Louw, Elize van der Spuy en Nellie Beneke.

**Goeie Raad!**

Vir Netjiese Drukwerk en ander Skryfbehoeftes

Besoek

**DOWSON**

Ons Staf tot U Diens.

*Vir alle Skoenreperasies is*

**LUBBE**

*tot U Diens.*

**Netheid gewaarborg**

# S.V.R.-LENINGS

Aansoeke vir S.V.R.-lenings moet by die Voorsitter ingehandig word voor Saterdag 11 April.

In die aansoek moet gemeld word:

(1) Die kursus en jaar van verblyf op Stellenbosch.

(2) Die klasrekord, of indien 'n eerstejaar 'n getuigskrif van die prinsipaal.

(3) Hoeveel geld die applikant beskikbaar het (beurse, lenings, ens.).

(4) Beraming van uitgawes vir die jaar.

(5) Bedrag aangevra.

# Hokkiespanne Keil Wingfield Op

Verlede Saterdag het die 1e en 2e spanne vanjaar se hokkie-aktiwiteite met wedstryde teen Wingfield, gaan inwy.

Die veld is aan die kant van die vliegbaan geleë, en die wedstryde is tussen die vliegtuie gespeel.

Ongelukkig het dit gereent, sodat die gras baie glyerig geword het en die hokkie as gevolg nie van so 'n hoë gehalte kon wees nie. Nieteenstaande het almal die wedstryde baie geniet.

Die 2e span, in die eerste wedstryd, het meestal op die aanval gebly, maar aangesien daar nie kans was vir fyn draaitjies nie, as gevolg van die glyerige veld, was die spel nie so vinnig nie. Daar is ook net 3 doele gemaak, aldrie deur die Maties, en twee daarvan deur Tokkelokke.

EERSTE SPAN.

Die geesdrif onder die toeskouers het heelwat verhoog toe die eerstesjanne aanmekaar spring. Veral toe die reën na 'n tydjie begin ophou en hulle na vore gekom het vanwaar hulle in, om en onder die pantsermotors geskuil het.

Soos in die vorige wedstryd, was die spel merendeels in Wingfield se gebied, maar teen hierdie tyd was daar nie ander kans as om reguit te hardloop nie, soos Jan Louw telkens uitgevind het. As gevolg hiervan is meer as een mooi beweging halfpad verongeluk. Die spel was egter glad nie eensydig nie, en Wingfield het meer as een aanval op Jaap Krige in die doel gelos, maar sonder sukses. Die Maties, daarenteë, het tweekeer in die doel gevaar om 2 — 0 te wen.

Die hokkieseisoen begin offisieel op die 11de April.

**Colin Lockley**

vir

**FOTOGRAFIE.**

*Hou Koers Reguit na—*

**PERL SE APTEEK**

CUTHBERTGEBOU,
Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

**Vir al u Medisyne, Toilet en Fotografiese benodighede.**

V.M.K. Aanbeveel.

# Musiekwaardering

## Die Bou van die Simfonie

*„Musiek moet vuur laat spat uit die gees van die mens."*
*— Beethoven.*

Alhoewel daar hierdie week geen Sondagaandse plateprogram sal plaasvind nie, sal dit baie bydra tot die waardering van die komende uitvoerings as ons meer van die bou van 'n Simfonie, 'n Konsert of Snaarkwartet weet. Al hierdie vorms het ontstaan uit die Sonata-vorm.

Klassieke musiek is afkomstig van volksmusiek. So het die Sonata ontwikkel uit die *Suite* wat 'n aaneenskakeling is van verskillende dansvorme almal in dieselfde sleutel. Die *Sonata-vorm*, wat hoofsaaklik te danke is aan C. P. E. Bach (1714-1788) en F. J. Haydn (1732-1809), bestaan uit 'n aantal aparte en kwasi-onafhanklike dele, of bewegings, wat elkeen in sy eie vorm (en sleutel) is, en wat so saamgestel is dat hulle bymekaar pas en dat hulle nie 'n vervelige geheel vorm nie. Dit is 'n instrumentele komposisie (b.v. vir klavier alleen of vir 'n ander in strument met klavier begeleiding). Met die kulminasie van die klassieke (of vorm-gebonde) musiek, tydens die lewens van Mozart en Haydn, het die Sonata gewoonlik uit 3 bewegings bestaan wat as volg saamgestel was: —

((1) taamlik vinnig; (2) stadig en (3) vinnig. Sedert die tydperk van die Romantiese musiek, (die tydperk vanaf Beethoven) kan die Sonata meer of minder bewegings bevat. Die samestelling van afsonderlike bewegings is analogies met dié van die Simfonie wat later bespreek word.

Die Sonata-vorm is verder uitgebrei na die Snaarkwartet, (en ander kamermusiek), die Simfonie, (vir volle orkes) en die konsert („concerto" — 'n Simfonie" vir orkes en 'n solo's). Die *Simfonie*, wat sy status gekry het van Mozart, bestaan gewoonlik uit vier bewegings: (1) taamlik vinnig; (1) stadig; (3) Minuet, soos in tyd van Mozart, of Scherzo (beteken grap), soos in tyd van Beethoven en later; en (4) vinnig. Die eerste, tweede en laaste bewegings het die volgende drieledige struktuur: (1) aankondiging van (i) tema A en dan (ii) tema B; (2) die ontwikkeling van (i) tema A en (ii) tema B; en (3) die herhalende opsomming of rekapitulasie van (i) tema A en dan (ii) tema B. Die derde beweging het die volgende bou: (1) Minuet of Scherzo, (2) trio, (3) herhaling van die Minuet of Scherzo. 'n Beweging eindig gewoonlik met 'n effektiewe afsluiting of koda. Daar moet gelet word hoedat die hooftemas, veral in die ontwikkeling fyn verwerk word, en hoe hulle dan van die een na die ander instrument oorgeplaas word. Die verskillende temas van die verskillende bewegings was eers losstaande, maar later het een hooftema in verskillende bewegings verskyn, b.v. die bekende sogenaamde „Viktorie"-tema — dis eintlik die noodlot wat aan die deur klop! — wat so 'n belangrike rol in Beethoven se Vyfde Simfonie speel.

*G. F. S.*

# Tennis Kampioenskappe

Mans Enkel — Semi finaal: D. Maartens klop H. Steyn 6—4, 6—4, 7—5. C. Muller klop W. Joubert 6—4, 6—1, 6—3.

Eindwedstryd: C. Muller klop D. Maartens 6—2, 7—5, 7—5.

Mansdubbels — Semi finaal: H. Steyn en C. Muller klop J. du Toit en Pretorius 6—2, 6—3, 4—6, 8—6. W. Joubert en C. Lombard klop J. Steltler en A. S. le Roux 6—4, 8—6, 6—4.

Finaal: W. Joubert en C. Lombard klop H. Steyn en C. Muller 6—3, 6—4, 4—6, 6—3.

Damesenkel — Halfeind.: Mej. I. Michau klop mej. A. Venter 6—1, 6—2. Mej. B. Retief klop mej. V. Nel, 8—6, 6—4.

Finaal: Mej. I. Michau klop mej. B. Retief 6—3, 6—1.

Damesdubbel — Semi finaal: Mejj. V. en I Nel klop mejj. B. Retief en L. Pauw 6—2, 6—3. Mej. I. Michau en mej. A. Venter klop mejj. I Papendick en A. Botha 6—1, 6—1.

Finaal: Mejj. I. Michau en A. Venter klop mejj. V. en I Nel 6—1, 6—2.

Gemengd. — Finaal: C. Muller en mej. I. Michau klop W. Joubert en mej. L. Pauw 6—3, 5—7, 6—3.

# Krieketspan vaar goed teen Wellington

Saterdagmiddag is 'n baie spannende wedstryd op Coetzenburg afgespeel tussen Stellenbosch en Wellington — 'n wedstryd wat eindelik gelykop geëindig het weens die reent.

Wellington het eerste gekolf en 124 lopies op die telbord geplaas, waartoe Ds. M. L. de Villiers, Perlman en D. de Villiers die meeste bygedra het. Die res van die span was egter nie bestand teen die dodelike boulwerk van Jan Louw, wat 7 paaltjies geneem het, en Jakkals de Jager, wat 3 platgetrek het.

Hierna het Stellenbosch gaan kolf en weereens was dit Jan Louw en Jakkals de Jager wat uitgeblink het. Ook Van der Merwe het mooi gekolf en saam met Jan Louw het hy die telling te staan gebring op 96 vir ses paartjies. Op hierdie stadium moes die spel egter gestaak word weens reent. Jan Louw was nog onoorwonne met 63 lopies.

Vlak voor Intervarsity is dit nogal 'n bemoedigende uitslag aangesien Wellington een van die Platteland se sterkste spanne is. Die Maties was ook nie op volle sterkte nie, daar Reinald Hofmeyr en Hans Söhnge, twee van die beste kolwers, nie kon speel nie.

**DIE PÊRELSE STOOMWASSERY**

Kom laat die Firma wat die Beste dienste lewer u ook bedien.

**Eienaar: Mnr. W. Marsh.**